TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 3/2/2017 **Datum: 11 Mei 2017**

Uit die kantoor:

0/7 Rugbydag

Ons kon dit regkry om eerskomende Vrydag 'n paar 0/7 rugbyspanne te kry om wedstryde te kom speel in die plek van ons sportdag wat agv van die Angus biddag weggeval het. Die 0/7 dogtertjies speel wel Saterdag in 'n toernooi by Onze Rust.

Saterdag is ons Interskole met Aliwal-Noord hier by Tjokkies. Ongelukkig het hulle net A & B-spanne en ons sukkel om ander kleiner skole te kry om teen ons laer spanne te speel. Indien u kind nie n briefie kry nie, speel hy/sy nie Saterdag nie.

Ons fokus die kwartaal op die waarde van respek en spesifiek vir mense, ons eie en die omgewing.

BELANGRIKE DATUMS:

12 Mei: Die seniorkoor tree by Japsnoet kleuterskool in Langenhovenpark op.

Sterkte aan die ses leerlinge wat aan die ATKV redenaars deelneem.

0/7 Rugbydag begin om 14:00 by Tjokkies. Die ouerkomitee staan ook reg met verversings.

Toetsweek begin vir graad 7

13 Mei: Inter teen Aliwal. Die spelers wat deelneem kry die program. Bring ook geld saam en ondersteun die Ouerkomitee se verkope.

15 Mei: Toetsweek vir Gr 4-7. Toetse word eers na pouse, wanneer almal van die musiekkunswedstryd af terug is, geskryf. Moet asb nie u kind vroeër afhaal nie.

16 Mei:
Veiligheidsvergadering om 17:00.

17 Mei: Rugby en netballiga. Sien die bepalings wat u ontvang het.

19-21 Mei: Voortrekkerkamp te Retiefkampterrein. Inskrywingsvorms is reeds uitgedeel.

VERJAARSDAE, MEELEWING & ANDER SAKE

11 Mei: Me Karen Marias (Gr 4) verjaar.

13 Mei: Me Lizette Buys (Gr 1) verjaar.

14 Mei: Me René Greyling (Kleuterskool assistent) verjaar.

Me Annerie Strydom wat aflos in die plek van me Carina Kriel se man het 'n baie groot knie-operasie ondergaan. Sterkte met die baba in die huis.

Me Elsabé Claassen (Kleuterskool) se operasie het goed afgeloop en ons is baie dankbaar dat die uitslae negatief is. Our GOD is a GREAT GOD!

Me Yolandé Henderson se skoonvader word vandag begrawe. Ons bid vir troos in die hartseertyd.

ANDER:
Juf Chantal v Rensburg wat met kraamverlof was, keer Maandag terug. Baie dankie aan juf Meisie wat afgelos het. Ons het groot waardering hiervoor!

BEDANKING

Baie dankie aan die pappas wat gehelp het met die bolaag organiese kompos wat hulle op die rugbyveld gestrooi het en vir die gelykmaak daarvan.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VRYSTAAT KUNSWEDSTRYD

Leerders wat deur privaat dramaklubs ingeskryf word, mag nie in hul skooldrag deelneem nie. Hul moet klere dra wat hul dramaklubs verteenwoordig.

NB: Roosterboek vir voordrag en toneel wat lokaal en tyd aandui is nog nie beskikbaar nie. Dit gaan die 12de Mei beskikbaar wees. U kan die volgende webwerf dophou vir inligting:

www.vrystaatsekunswedstryd.com

PARKERING

Ouers word asb versoek om bedagsaam te parkeer rondom die skool met die op- en aflaai van kinders. Gebruik so min as moontlik plek om ook vir 'n volgende ouer voorsiening te maak.

KLERE

Tunika verkoop 'n navy "second skin" @ R100 wat in die winter onder die sporthempies gedra mag word.

TE KOOP

Verskeie gemengde vrugte-, neute- en yogurt stafies, ideaal vir u kind se kosblikke, te koop. Pakke van 10 te koop @ R50 of stafies teen R5.

250 gram gemengde neute @ R40 per houer. Alles Woolies produkte, maar veel goedkoper.

Vir bestellings whatsapp of sms Ansie by 0847033303.

SNUFFELS

Smartschool ekstra klasse

Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer.
Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

Moedersdagete: Villa Avianto
14 Mei om 12h00
Kom bederf mamma met heerlike middagete waar die gesin saam kan kuier.
Kostes: R220 p/p
Kinders: Laerskoolkinders halfprys
Skakel 083 329 4872 vir bespreking.

MOMENTS 2017

Kom geniet dié skouspelagtigste produksie in die Sand du Plessis-teater hierdie naweek. Jannie Moolman, Corlea Botha, Jennifer Jones, Morgan the Beatbox en plaaslike kunstenaars soos Mario Lategan , Jacobus Silver, Thabo Hlongwane, Ellané Kotze en Anton Esterhuyse saam met vier kore en die wêreldklas Willie Venter-dansers. Kaartjies by Pacofs. R150. Vrydag 11 Mei en Saterdag 12 Mei 19:30. (Spesiale vertoning vir senior burgers op Saterdag 12 Mei om 12:00. R50)

WERK GESOEK
'n Tjokkie-pa het onlangs sy werk as produksiebestuurder, weens rasionalisasie, verloor. Hy beskik oor goeie bestuurs- en tegniese vaardighede o.a. elektries. Indien iemand kan help, skakel hom by 079 115 5557 vir sy CV of onderhoud. U kan ook die skoolhoof by 051-5221371 skakel.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.



PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Artboard1

TJOKKIES REËNBOOG TRAP EN STAP

3 JUNIE 2017 OM 10H00

BY PANTSERSKOOL TEMPE

Elke persoon moet n vrywaringsvorm voltooi

Kleredrag: Wit hemp (Gaan vol poeierverf word)

Sonbril om oë teen poeierverf te beskerm

Fietsryhelm - "No helmet - No ride"

Eie stoele en piekniekmandjie

Koffie/warm sjokolade/koeldrank,

Boereworsrolle en Pannekoek sal verkoop word.

" Goodie bag" vir eerste 500 kinders

Gholf chip @ R5. Pryse te wen

Gelukstrekkings volgens kaartjienommer

Artboard1

PROGRAM

10h00 Aankoms te Pantserskool

10h15 Opening

10h30 Graad 4 - 7 TRAP (+/-10km)

11h15 Graad 1 - 3 TRAP (+/-2km)

11h45 Pantser Museum Demonstrasie

12h00 Reënboog STAP (+/-5km)

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com